HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 INLEIDING

Die steeds versnellende tempo van wetenskaplike en tegnologiese ontwikkeling en die klem wat in toenemende mate op behoorlike opleiding en benutting van veral hoëvlakmannekrag gelê word, het die lig skerper op die plek en waarde van *voortgesette onderwys* en *opleiding* laat val (vergelyk Cropley, 1977:22-23; Dave, 1976:20).

Die beoefenaar van 'n professie, dit wil sê die afgestudeerde aan 'n inrigting vir hoër onderwys, moet periodiek *voortgesette onderwys* en opleiding ontvang om onder meer:

* gespesialiseerde kennis op sy vakgebied te verwerf;
* tred te hou met resente ontwikkelinge in sy vakgebied;
* hulp te ontvang met nuwe aanpassings en uitdagings wat deur die professie gestel word (Cropley, 1977:21-22).

Benewens die *voortgesette onderwys* ter ondersteuning van die professiebeoefenaar moet daar ook voorsiening gemaak word vir " ... ondersteuningsprogramme, voorsiening vir ad hoc-behoeftes, die opvang van persone wat òf nie tot die formele stelsel van onderwysvoorsiening toegetree het nie, òf vroeg daar uit is, en die bevrediging van kennis oor vryetydsaktiwiteite" (RGN, 1981:95).

Twee aspekte van voortgesette onderwys is derhalwe hier ter sprake, naamlik:

* om die professiebeoefenaar periodiek weer te skool in die uitoefening van sy professie - om hom onder meer in kontak te bring met nuwere ontwikkelinge op sy vakgebied, en

* om te voorsien in leerbehoeftes, om ingelig te word en kennis te ontvang oor byvoorbeeld bepaalde belangstellingsrigtings, vrye=

tydsaktiwiteite en dikwels ook aktualiteite van die dag.

Die volgende stellings met betrekking tot voortgesette onderwys kan gemaak word:

* onderwys en opleiding is *voortdurende handelinge* (Faure, 1972: 187);
* in sowel ontwikkelde as ontwikkelende lande moet voortdurende onderwys ("lifelong education") die hoogste prioriteit by alle onderwysbeplanning geniet (Faure, 1972:187). Hierdie twee aangeleenthede is reeds in 1972 beklemtoon en is dus nie so 'n resente verskynsel as wat soms geoordeel word nie;
* ook in die RSA is die noodsaak van voortgesette onderwys onlangs deur twee owerheidsverslae besonder hoog aangeslaan, naamlik Onderwysvoorsiening in die RSA, 1981 en Verslag van die Nasionale Mannekragkommissie oor Hoëvlakmannekrag in die RSA, 1980.

Voortgesette onderwys is 'n wesenlike deel van die totale onderwysvoorsiening as sodanig en dui op die *voortdurendheid van onderwys,* met ander woorde " ... education must be carried on at all stages of man, according to each individual's needs and convenience" (Faure, 1972:183).

Ofskoon die belangrikheid van *voortgesette onderwys* in die totale onderwysvoorsieningstruktuur algemeen aanvaar word, moet ook na enkele vorme van voortgesette onderwys buite die stelsel van formele onderwysvoorsiening verwys word, naamlik:

* *voortgesette onderwys* voorsien deur professionele rade, byvoorbeeld rekenmeesters, aptekers, medici, prokureurs, ingenieurs - sommige waarvan selfs selfstandige afdelings vir voortgesette onderwys het;
* *voortgesette onderwys* in die vorm van *indiensopleiding* wat in hoofsaak deur die nywerheid en industrie verskaf word, maar goedskiks andersyds, byvoorbeeld deur onderwysdepartemente aan diensdoende onderwysers voorsien word.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Uit die voorafgaande beredenering volg die navorsingsprobleem, naamlik dat bepaal moet word welke taak die universiteit in die voorsiening van voortgesette onderwys het, en hoe die universiteit aan hierdie opdrag kan voldoen.

Dit gaan dus spesifiek om die *taak van die universiteit,* met sy besondere struktuuraard, kundigheid en fasiliteite ten opsigte van die voorsiening van voortgesette onderwys met sy komplekse doelstellings, struktuur en eie aard, te bepaal.

1.3 DOEL MET HIERDIE NAVORSING

Die oortuiging bestaan by belanghebbendes dat die universiteit die opdrag het om sy bron van kennis en navorsingsresultate aan die gemeenskap beskikbaar te stel om in die behoefte aan voortgesette onderwys te voorsien. Hierdie bydrae van die universiteit kan onder meer die volgende insluit:

* die voorsiening van voortgesette onderwys aan professiebeoefenaars;
* die voorsiening van algemeenvormende en kennis- en kultuurverrykende studieprogramme, wat ook informatiewe lesingreekse kan insluit, en
* om navorsing oor alle aspekte van voortgesette onderwys te doen (kyk hoofstuk 3).

Deur die navorsing sal gepoog word om vas te stel of die universiteit met sy bestaande, en nuut-verworwe kundigheid, op grond van voortdurende navorsing oor die hele breë spektrum van die wetenskap, en met die besondere fasiliteite tot sy beskikking, 'n verantwoordelikheid het om voortgesette onderwys te voorsien, en indien wel, hoe aan dié verantwoordelikheid voldoen kan word.

1.4 NAVORSINGSHIPOTESE

1.4.1 Hoofhipotese

Die universiteit met sy kundigheid vervat in 'n groot aantal departemente, buro's en institute, het benewens sy taak van formele onderrig aan inge= skrewe voor- en nagraadse studente, ook die taak om in die *voorsiening van voortgesette onderwys* aan professiebeoefenaars en die "algemene publiek" 'n bydrae te lewer. Die volgende subhipoteses kan hieruit afgelei word:

1.4.2 Subhipoteses

1.4.2.1 Subhipotese 1

Die besondere aard van voortgesette onderwys bemoontlik die effektiewe deelname van universiteite daaraan.

1.4.2.2 Subhipotese 2

Die universiteit is op grond van sy besondere struktuur in die besonder by magte om op die gebied van voortgesette onderwys 'n bydrae te lewer.

1.4.2.3 Subhipotese 3

Verskeie buitelandse en Suid-Afrikaanse universiteite is reeds aktief betrokke op die gebied van voortgesette onderwys.

1.4.2.4 Subhipotese 4

Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys het op grond van sy besondere karakter 'n bydrae op die gebied van voortgesette onderwys te lewer.

1.5 NAVORSINGSMETODE

1.5.1 Literatuurstudie

'n Indringende en verteenwoordigende literatuurstudie uit primêre sowel as sekondêre bronne met betrekking tot voortgesette onderwys, en al die variante benaminge daarvoor, is onderneem en interpretasies, beoordeling, sinvolle rapportering en vergelyking is gedoen.

1.5.2 Onderhoudvoering

Onderhoude is met kundiges in die RSA sowel as oorsee, en gekies volgens die metode van Historiese Gewig, gevoer om die taak van die universiteit met betrekking tot *voortgesette onderwys* te bepaal. Die onderhoude is aan die hand van 'n vraagskedule (kyk paragraaf 1.5.3) gevoer.

1.5.3 Vraagskedule

In aansluiting by paragrawe 1.5.1 en 1.5.2 is vraagskedules aan universi= teitsdepartemente en eenhede vir voortgesette onderwys aan universiteite gestuur om inligting oor onder meer die aard, wese, kwantiteit en inhoud van voortgesette onderwysprogramme/kursusse, asook die funksionering van voortgesette onderwyseenhede, in te win.

1.6 TERREINAFBAKENING DEUR BEGRIPSVERKLARING

1.6.1 Oriëntering

Die begrip *voortgesette onderwys* in die titel van hierdie navorsing, dui daarop dat die *hele onderwysgebeure afgehandel moet wees* om later weer *voortgesit te word.* Die "afhandelingspunt" kan beteken dat die persoon op= gelei is om te voldoen aan die minimumvereistes wat vir die uitoefening van 'n bepaalde professie gestel word.

Dit is derhalwe noodsaaklik om vir die doel van hierdie navorsing enkele relevante begrippe, naamlik opvoeding, onderwys, opleiding, kultuur, lewensbeskouing, formele onderwys, nie-formele onderwys, informele onder= wys, voortgesette onderwys en universiteit te verduidelik, ten einde die navorsingsterrein te presiseer.

1.6.2 Opvoeding

Opvoeding is 'n handeling, 'n gebeure wat plaasvind waar een mens, gewoonlik 'n "volwassene" met gesag, hom opsetlik bemoei met 'n ander mens, gewoonlik 'n "opvoedingsbehoeftige", "nie-volwassene", wat gedurende die opvoedingsgebeure nie passief kan wees nie, maar die aangebode hulp moet aanvaar en verwerk.

Opvoeding is dus handelinge waardeur volwassenes probeer om die ontwikkelende persoonlikheid van die opvoedeling ten goede te beïnvloed en om leeraktiwiteite aan te moedig of teweeg te bring wat uiteindelik tot die gewenste houdings en verhoudings behoort te lei (Van der Walt, 1982:25).

Die opvoedeling word deur opvoeding " ... doelbewus tot 'volwassenheid' gelei. Dit gaan dus om die religieuse omhoogleiding van die opvoedeling wat, omdat die mens 'n ewigheidsbestemming het, vir die Christen omhooglei=ding na God self sal impliseer (Van der Walt, 1982:26; vergelyk ook Schoeman, 1975:101).

Dit word met Van der Walt saamgestem dat opvoeding 'n *positiewe, bewustelike handeling* van die opvoeder is om 'n verandering in die opvoedeling teweeg te bring en daardeur sy groei en ontwikkeling in 'n bedoelde rigting te lei.

1.6.3 Onderwys

Onderwys is ewenas opvoeding, 'n doelbewuste handeling. In teenstelling met opvoeding, egter, waar die ouer deur niemand tot 'n bepaalde opvoedingspatroon gedwing kan word nie, moet die onderwyser ooreenkomstig bepaalde sillabusse wat deur vakmanne opgestel is, werk. Die onderwyshandeling is nie 'n eensydige gebeure nie want die onderwyser gee onderrig en die leerling ontvang en verwerk die onderrig (Van der Walt, 1982:29).

Onderwys is 'n onontbeerlike opvoedingsmiddel - dit vorm 'n belangrike geleentheid tot opvoeding. In werklikheid kan daar geen opvoeding wees sonder onderwys nie, want die verwerwing van 'n sekere hoeveelheid basiese kennis en fundamentele vaardighede is 'n absolute noodsaaklikheid vir

opvoeding wat op die positiewe vorming van 'n geïntegreerde persoonlikheid in ooreenstemming met bepaalde Christelike norme gerig is. 'n Opvoedingsi= tuasie is dus altyd ten dele ook 'n onderwyssituasie (Van der Walt, 1982:33).

Dit word ten besluite gestel dat onderwys meer beperk in omvang as opvoe= ding is, en dit beoog die bybring van *kennis en vaardighede* wat vir die mens se bestaan voordelig is.

1.6.4 Opleiding

In die begrip *"opleiding (training)"* tree die gedagte van beroepsoplei= ding in een of ander vorm sterk na vore. Opleiding is wesenlik die voor= bereiding, deur onderrig, praktiese oefening en ook afrigting van kinders en volwassenes, vir 'n spesifieke beroep, professie of taakuitvoering (Van der Walt, 1982:37).

Opleiding beoog dus om 'n kind, of 'n volwassene, deur middel van teoretie= se, en soms ook praktiese onderrig op te lei om 'n bepaalde beroep te kan beoefen.

1.6.5 Lewensbeskouing

Omdat die opvoeder en opleier volgens 'n bepaalde lewensbeskouing opvoed en oplei, is dit vir die doel van hierdie navorsing nodig om na die *ver= band tussen lewensbeskouing en opvoeding* en die *verband tussen kultuur en opvoeding,* te verwys.

Geen ware opvoeding is sonder die "steunende krag" (Coetzee, 1960:26) van 'n lewensbeskouing moontlik, of denkbaar nie. Hieroor laat Keyter (1963:121) hom só uit:

> "Geen mens kan opvoed en terselfdertyd beweer dat hy neutraal staan teenoor wêreld- en lewensbeskoulike vraagstukke nie, omdat sy optrede as lewende wese nolens volens 'n bepaalde lewensuitkyk vertolk waardeur die leerlinge beïnvloed word."

Die lewensbeskouing van die opvoeder (en opleier) eis dat bepaalde lewens= norme gekies moet word, en dat ander gelaat moet word. Nou is dit so dat alle opvoeders nie dieselfde lewensnorme kies nie, en hierdie feit

lei tot die groot verskeidenheid van opvoedingspraktyke (Jansen Van Vuuren, 1969:12-13; vergelyk ook Strauss, 1970:22-23).

Oor die feit dat daar nie net een opvoedingsfilosofie bestaan nie, maar wel opvoedingsfilosofieë, vermeld Gunter dat elke persoon se opvoedings= leer " ... regstreeks gewortel lê ..." in sy wêreld- en lewensbeskouing, en dit kan dan gesê word dat elke opvoedkundige se opvoedingsfilosofie niks anders is " ... as sy vertolking van die opvoeding in die lig van sy bepaalde wêreld- en lewensbeskouing nie". (Gunter, 1961:20-21; vergelyk ook Van der Walt, 1978:37).

Vir die doel van hierdie navorsing word 'n toeligting van verskeie opvoe= dingsfilosofieë (byvoorbeeld dié van die idealisme, naturalisme en andere) nie nodig geag nie, en kan dit samevattend gekonstateer word dat verskeie opvoedkundiges dit eens is dat daar 'n noue verband tussen lewens- en wêreldbeskouing en die opvoeding bestaan. Dit blyk voorts dat elke lewens- en wêreldbeskouing tot 'n eie opvoedingsfilosofie, met 'n eie siening oor die kind, die mens, die doel van die opvoeding, die metode van die onderwys, die inhoud van die onderwys en ander relevante aangeleenthede, lei (vergelyk Coetzee, 1960:36-38; Gunter, 1961:55-63 en 307-343).

Ten besluite kan dit gestel word dat die mens se lewensbeskouing dit is waaroor hy beskik, dus sy geestelike toerusting, om sy siening van die werklikheid om en in hom te bepaal.

1.6.6 Kultuur

As gevolg van die herhaaldelike verwysing in hierdie navorsing na kultuur en kultuuroordrag, is dit nodig om die aandag kortliks op die begrip kultuur te vestig.

Vir die begrip kultuur bestaan daar wyduiteenlopende verklarings. Sô verwys Loots (1983:210) byvoorbeeld na die feit dat Kroeber en Kluckhohn in 1952 ten minste 164 verskillende kultuurdefinisies bespreek het. Dit blyk dat die veelheid van definisies aan die verskillende uitgangs= punte van die verskillende definieerders toegeskryf kan word.

Loots (1983:211) verwys ook na die verwantskap tussen natuur en kultuur en sê dat die mens in sy beheersing van die natuur kultuur skep. Hy sê voorts (1983:211) dat daar desgevolg tussen "drie soorte kultuur" onderskei kan word, naamlik individuele kultuur, mensheid- of universele kultuur en volkskultuur. Vervolgens definieer Loots kultuur dan soos volg:

> "Kultuur is die totaliteit van bewuste menslike handelinge, en die resultate daarvan op geestelike en stoflike gebied, soos hierdie handelinge verrig en die resultaat bewaar word deur die mens as Godaangestelde beheerser van die natuur ooreenkomstig die kultuuropdrag van God aan die mens" (Loots, 1983:211).

Elke volk besit 'n eie kultuur. Die kultuur van 'n "ontwikkelde" volk openbaar sekere belangrike kenmerke, naamlik eenheid van opvatting oor die sedelike lewe, eenheid van beskawingsvorme, ekonomiese lewe, gebruiksvoorwerpe en tegniese middele en van onderlinge waardering van die kultuurgoedere (Waterink, 1951:339).

Die noue verband tussen 'n volk en sy kultuur is daaraan toe te skryf dat 'n volk nie 'n toevallig samewonende aantal mense binne 'n bepaalde gebied is nie. Die lede van 'n volk vorm 'n georganiseerde eenheid (Coertze, 1960:35).

Die belangrikste eienskap van die moderne kultuur is sy demokratisering, dit wil sê, dat alle lae van die bevolking of samelewing toegang tot byna alle kultuurgoedere het. Die wetenskap en tegniek is binne die bereik van byna almal in die samelewing gestel (Waterink, 1951:34). Dit vorm 'n kontras met die feit dat kultuur slegs as 'n "hoge" statussimbool beskou is (Loots, 1983:210).

Vanweë die feit dat 'n stelsel van voortgesette onderwys, benewens 'n diens in die vorm van voortgesette of voortdurende of geleentheidsonderwys aan professiebeoefenaars, ook geleentheid bied vir ondersteuningsprogramme, voorsiening vir ad hoc-behoeftes, die bevrediging van kennis aan

vryetydsaktiwiteite (kyk paragraaf 1.1), word hierdeur 'n besliste kultuur= oordrag geïmpliseer.

Die kultuuraspek van die formele onderwysstelsel en ook van 'n stelsel van voortgesette onderwys word in hoofstuk 2 onder die loep geneem (kyk paragraaf 2.10).

Ten besluite kan dit gestel word dat kultuur die totale besitting van 'n volk op elke lewensterrein omvat, en dus ook die materiële en nie-materiële skeppings van die mens insluit.

1.6.7 Formele en nie-formele onderwys

Daar word eerstens tussen die twee begrippe by wyse van 'n tabel (kyk p.11), ter wille van makliker vergelyking, onderskei. Dit moet gestel word dat die tabel slegs moontlike eienskappe weergee, en nie noodwendig eksakte en vasstaande eienskappe van formele en nie-formele onderwys nie.

Die RGN-definisie van nie-formele onderwys sluit in ruime mate by die uiteensetting van Morphet aan (kyk p.11):

> "Nie-formele onderwys is onderwys wat bepland en hoogs= aanpasbaar verloop in inrigtings, organisasies en situa= sies wat buite die formele onderwys- en informele onder= wysvoorsiening val, byvoorbeeld indiensopleiding in die werksituasie" (RGN, 1981:93-94; vergelyk ook Coombes en Ahmed, 1974:52).

Nie-formele onderwysvoorsiening is onder meer op geletterdheid, induksie, indiensopleiding, heropleiding, ondersteuningsprogramme en ad hoc-behoeftes gerig. Die nie-formele voorsiening moet so beplan word dat dit enersyds aanvullend tot die formele onderwysvoorsiening is en andersyds die beroepslewe en vryetydsaktiwiteite dien (RGN, 1981:95).

TABEL 1.1

FORMELE ONDERWYS	NIE-FORMELE ONDERWYS
Doelstellings	
i) Langtermyn en met spesifieke doelstellings en doelwitte (byvoorbeeld vir elke skoolvak)	i) Korttermyn en spesifiek
ii) Gerig op bepaalde algemeenerkende sertifisering	ii) 'n Sertifikaat word gewoonlik nie verwerf nie
Tydsduur	
i) Lang siklus	i) Kort siklus
ii) Voorbereidend (berei voor vir 'n volgende eksamen)	ii) Herhalend
iii) Gewoonlik voltyds	iii) Gewoonlik deeltyds
Inhoud	
i) Inset-gesentreerd en gestandardiseerd	i) Uitset-gesentreerd en geïndividualiseerd ten opsigte van die inhoud van die kursus
ii) Akademies en prakties	ii) Akademies en prakties
iii) Spesifieke toelatingsvereistes	iii) Nie noodwendig spesifieke toelatingsvereistes
Onderrigmetode (stelsel)	
i) Volgens inrigting (byvoorbeeld spesifieke soort skool)	i) Op omgewing gebaseer
ii) Geïsoleerd	ii) Gemeenskapsgebonde
iii) Formeel-gestruktureerd	iii) Buigbaar-gestruktureerd
iv) Onderwyser-gesentreer*	iv) Leerling (leerder)-gesentreer*
v) Navorsingsintensief (byvoorbeeld universiteite)	v) Minder gerig op navorsing
Beheer	
i) Eksterne beheer	i) Selfbeherend
ii) Hiërargies	ii) Demokraties
(Morphet, 1982:15)	

*Dié stellings van Morphet is nie aanvaarbaar nie want alle onderwys is altyd leerling-gesentreerd (vergelyk onder meer Van der Walt, 1982:29).

Dat onderwys bepland verloop word ook in die definisie van formele onderwys in die RGN-verslag opgemerk, naamlik dat formele onderwys onderwys is wat bepland verloop in erkende onderwysinrigtings soos skole, kolleges, technikons, universiteite en andere (RGN, 1981:93; vergelyk ook Coombes en Ahmed, 1974:52).

Samevattend, derhalwe, kan *formele onderwys* alle onderwys insluit wat ge= organiseerd in skole en ander opvoedkundige inrigtings op heeltydse of deeltydse basis aangebied word; en kan *nie-formele onderwys* enige onderwys buite die stelsel van formele onderwysvoorsiening en wat op doelwitstuden= te, met leerdoelwitte gemik is, insluit.

1.6.8 Informele onderwys

Vir die doel van hierdie navorsing kan volstaan word met die omskrywing van die RGN-verslag oor *informele onderwys* naamlik dat dit " ... onderwys is wat in lewensituasies gegee word wat spontaan na vore tree, byvoorbeeld uit die omgang in die gesin, die buurtlewe ensovoorts" (RGN, 1981:93).

Informele onderwys impliseer vrywillige deelname en is normaalweg ongeor= ganiseerd en nie ooreenkomstig die gewone of konvensionele vorms en prose= dures van onderwys nie.

1.6.9 Onderwysstelsel

Die *onderwysstelsel* is 'n gemeenskapsinstelling met 'n verskeidenheid van fasette en aspekte wat onderling skakel en doeltreffend geharmonieer en geïntegreer is ter bereiking van een gemeenskaplike doelstelling, naamlik doeltreffende en effektiewe, dit wil sê opvoedende onderwys (Bar= nard, 1984:1).

Dit kan derhalwe ten besluite gestel word dat die *onderwysstelsel* die ineengevlegdheid is van alle fasette wat by die onderwyspraktyk betrokke is, dit wil sê, die huisgesin, skool, kerk, staat en onderwysdepartement.

1.6.10 Voortgesette onderwys

Vanweë 'n omvattende omskrywing van die begrip voortgesette onderwys in hoofstuk 2 (vergelyk paragraaf 2.2.2), word vir die doel van terreinafba= kening hier volstaan met 'n veelseggende omskrywing van die begrip deur UNESCO (soos aangehaal deur Faure, 1972:143) naamlik " ... man is an unfinished being and can only fulfil himself through constant learning." *Die slotsom waartoe geraak kan word is dat onderwysvoorsiening nie tot formele onderwys beperk moet wees nie, maar op elke lewenstadium, in alle situasies en onder alle lewensomstandighede moet kan plaasvind.*

1.6.11 Universiteit

Aangesien hoofstuk 3 in geheel aan die taak van die universiteit, met besondere verwysing na voortgesette onderwys gewy word, sal uiteraard ook volledige aandag aan die aard, wese en funksies van die universiteit gegee word. Dit is derhalwe voldoende om hier, met terreinafbakening deur begripsverklaring as doel, te volstaan met enkele opmerkings:

Dit blyk uit die bestudeerde literatuur dat 'n universiteit 'n groep mense is wat bymekaar gekom het om van mekaar te leer, en dat universiteite om drie redes bestaan, naamlik:

* om kennis (hoër onderwys) aan studente wat reeds hulle sekondêre skoolopleiding afgehandel het, oor te dra (dus die onderrigtaak);
* om die kennis te bewaar vir toekomstige gebruik;
* om nuwe kennis te skep (navorsing)(Schwartz, 1969:9; Van der Walt, 1981:12; Oosthuizen, 1981;ix).

Die universiteit se gebondenheid aan sy bepaalde gemeenskap enersyds, en sy taak ten opsigte van sy gemeenskap andersyds, blyk ook duidelik uit verskeie bronne (vergelyk Van der Walt, 1981:16 en Oosthuizen, 1981: IX). In hierdie verband sê Thom (1967:43) " ... die universiteit is daar om die wetenskap te dien, en deur die wetenskap die mens en die maatskappy."

Met hierdie diens aan die maatskappy word onder meer voortgesette onderwys geïmpliseer (vergelyk onder meer Van der Walt, 1981:16). Universiteite is (in hierdie stadium nog) vanweë hulle groter kundigheid by uitnemendheid in die gunstigste posisie om in die toenemende vraag na voortgesette onderwys te voorsien, soos dit sal blyk in hoofstuk 3.

1.7 PROGRAM VAN DIE NAVORSING

Die proefskrif word in sewe hoofstukke verdeel, naamlik:

In *hoofstuk 1* as *Inleiding,* is die volgende sake behandel: Probleemstelling; die doel met die navorsing; navorsingshipotese; navorsingsmetode; die terrein word deur enkele begripsverklarings afgebaken en die program van die navorsing is aangekondig.

In *hoofstuk 2* getitel *Voortgesette Onderwys: Aard, wese en struktuur,* is voortgebou op die begripsverklarings wat in hoofstuk 1 ter wille van terreinafbakening aandag ontvang het. Voorts het die volgende aangeleenthede aandag geniet: die veranderde en veranderende status van voortgesette onderwys; die motief van volwassenes vir deelname aan voortgesette onderwys; faktore wat 'n stelsel van voortgesette onderwys medebepaal; die implementering van 'n stelsel van voortgesette onderwys; wyses om integrering van voortgesette onderwys in die formele stelsel van onderwysvoorsiening te bewerkstellig; finansiering van voortgesette onderwys en aspekte van 'n stelsel van voortgesette onderwys.

Die *universiteitstaak* met besondere verwysing na die voorsiening van voortgesette onderwys is die tema van *hoofstuk 3.*

In *hoofstuk 4* val die lig op die *voorsiening van voortgesette onderwys aan enkele buitelandse universiteite.*

Die voorsiening van *voortgesette onderwys aan sommige Suid-Afrikaanse universiteite* word in *hoofstuk 5* onder die loep geneem.

In *hoofstuk 6* is die *voorsiening van voortgesette onderwys aan die PU vir CHO* behandel met inagneming van die besondere aard en karakter, voe-

dingsgebied en kundigheid van dié universiteit.

In *hoofstuk 7,* as slothoofstuk, is 'n *samevatting, aanbevelings, ge= volgtrekkings* en *moontlike verdere studieterreine* vervat.

1.8 SAMEVATTING

Die begrip *voortgesette onderwys* is 'n ou begrip maar het so resent as 1972 eers die pertinente aandag van opvoedkundiges begin geniet. In dié jaar is die omvattende UNESCO-verslag "Learning to be" vrygestel en is klem gelê op die feit dat onderwys inderdaad nie tot formele onder= wysinrigtings beperk is nie, maar 'n voortdurende gebeure is.

Dit is ook reeds vroeg besef dat aanvanklike opleiding vir 'n professie nie 'n waarborg inhou vir voldoende geskooldheid om die professie vir "alle tye" só te kan beoefen dat dit aan die eise van versnellende tegno= logiese en wetenskaplike eise sal voldoen nie.

Die nuwe klem in opvoedende onderwys dui ondubbelsinnig op 'n behoefte aan volle onderwysgeleenthede, in al sy variasies, aan alle lae van die bevolking - omdat onderwys 'n gebeure is wat nooit voltooid raak nie.

Benewens sy opdrag van opvoeding en oordrag van kennis aan sy ingeskrewe studente, en van navorsing, het die universiteit ook die roeping óm tot volgehoue onderwys en opleiding van die gemeenskap deur middel van voortge= sette onderwysgeleenthede, by te dra.

In die volgende hoofstuk word die aard, wese en struktuur van voortgesette onderwys onder die loep geneem.